**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DINSDAG 16 SEPTEMBER 2025 OM 09:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. J Daniels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdh. A de Vries | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | : | Voorsitter van MPAC *(Ex-officio)* |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | : | Voorsitter van die Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) *(virtueel ingeskakel)* |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. D van Turha | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Me. W Prins | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. AW Rheeder | : | Bestuurder: Menslike Hulpbrondienste |
| Mnr. M Sheldon | : | Hoof: Kommunikasie *(sluit aan om 09:16)* |
| Mnr. S Lesch | : | Hoof: IKT |
| Mnr. T April | : | Hoof: Gemeenskapsfasiliteite |
| Mnr. K Abrahams | : | Stadsbeplanner (Oos) |
| Mnr. H Vermeulen | : | Stadsbeplanner (Wes) *(virtueel ingeskakel)* |
| Mev. RC Gerber | : | Komitee Beampte |

***

**AKSIE**

**BKN001/09/2025**
**OPENING EN VERWELKOMING**

Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig by die vergadering, waarna Raadsheer Daniels die vergadering open met gebed.

Die Voorsitter reël dat item BKA009 na item BKA003 hanteer word.

***

**BKN002/09/2025**
**AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID**
**3/3/1/4**

Geen

***

**BKN003/09/2025**
**VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**BKN009/09/2025**
**ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: PRESENTATION BY WESTERN CAPE DEPARTMENT OF LOCAL GOVERNMENT: MUNICIPAL ICT GOVERNANCE FRAMEWORK POLICY**
**6/2/3/B**

The Head: ICT introduced the delegation to the Committee, whereafter Mr. De Witt Coetsee (independent contractor for the Department of Local Government) and Mr. Siyabonga Mngxe (Deputy Director of ICT Support: Department of Local Government) provided a visual presentation to the Committee for informational purposes.

***(The Head: Communication joined the meeting at 09:16)***

It was highlighted that the documents will be workshopped through a customization process facilitated by the ICT Committee, which is scheduled to take place on Monday 22 and Tuesday 23 September 2025.

Various inputs and comments were provided by the Committee.

The Director Corporate Services thanked the delegation for an informative presentation.

**RESOLVED**

That the Executive Mayoral Committee take note of the customization workshop scheduled for Monday 22 and Tuesday 23 September 2025.

***

***(Die afvaardiging, Hoof: IKT en Hoof: Kommunikasie verlaat die vergadering om 09:49)***

**BKN004/09/2025**
**BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN DIE VORIGE VERGADERING: VRYDAG 22 AUGUSTUS 2025**
**3/3/2/2**

***(Notule word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die notule van die vorige vergadering soos gehou op Vrydag 22 Augustus 2025 bekragtig word.

***(RC GERBER)***
***KOMITEE BEAMPTE***

***

**BKN005/09/2025**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE BESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE BESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING: DINSDAG 12 AUGUSTUS 2025 EN VRYDAG 22 AUGUSTUS 2025**
**3/3/2/2**

***(Implementeringsverslae word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslae van die vorige vergaderings soos gehou op Dinsdag 12 Augustus 2025 en Vrydag 22 Augustus 2025.

***(RC GERBER)***
***KOMITEE BEAMPTE***

***

**BKN006/09/2025**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE: VRYDAG 22 AUGUSTUS 2025**
**3/3/2/2**

Geen

***

**BKN007/09/2025**
**KORRUPSIE EN RISIKO'S VIR BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**12/2/2/21**

Geen

***

**BKN008/09/2025**
**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER, SPEAKER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**
**3/3/1/6**

<u>Verklarings/mededelings deur die Uitvoerende Burgemeester</u>:

- Hy bedank alle rolspelers vir ’n suksesvolle provinsiale onder-21 rugby wedstryd wat gehou is op Saterdag 13 September 2025 in Porterville;
- Dat die “Golden Games” vir Bergrivier se bejaardes op Woensdag 17 September 2025 plaasvind te Rhinopark, Piketberg;
- Dat opleiding vir die Wykskomitees op Saterdag 20 September 2025 plaasvind;
- Dat die “Mayoral Cricket Cup” op Saterdag 20 September 2025 by Tollie Adams Oval plaasvind; en
- Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee 'n vergadering met Minister Tertuis Simmers gevoer het rakende infrastruktuur en behuising. Hy wag tans op terugvoering van Minister Simmers oor die moontlikheid dat verdere befondsing aan Bergrivier Munisipaliteit bewillig kan word.

<u>Verklarings/mededelings deur die Munisipale Bestuurder</u>:

Geen

***

**BKN010/09/2025**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**BKN011/09/2025**
**<u>PROCUREMENT PLAN, KAPITAALSPANDERING, SDBIP EN BEDRYFSBEGROTING</u>**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in, waarna die Direkteur Finansiële Dienste die spanderingsyfers teen 31 Augustus 2025 kortliks aan die Komitee voor.

- Kantoor van die Munisipale Bestuurder: 57% werklik, geen op bestelling;
- Finansiële Dienste: 4% werklik; 17,5% op bestelling;
- Korporatiewe Dienste: 0,3% werklik; 63% op bestelling;
- Tegniese Dienste: 4,8% werklik; 16,6% op bestelling;
- Gemeenskapsdienste: 0,73% werklik; 0,38% op bestelling; en
- Totale spandering tot op 31 Augustus 2025: R4,8 miljoen met R17 miljoen op bestelling.

**KENNIS GENEEM**

***

**BKN012/09/2025**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: REVISED WARD COMMITTEE POLICY**
**3/B**

***(Verslag word ter tafel gelê soos elektronies apart versprei)***

Die Munisipale Bestuurder lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die beleid ingesluit word as deel van die opleiding vir Wykskomitees wat op Saterdag 20 September 2025 plaasvind; en
2. Dat die beleid, met die nodige bygewerkte insette, voorgelê word by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering soos geskeduleer vir Dinsdag 30 September 2025.

***MANAGER: STRATEGIC SERVICES***

***

**BKN013/09/2025**
**TERUGVOER VANAF PORTEFEULJE VOORSITTERS OOR EKSTERNE VERGADERINGS BYGEWOON EN TERUGVOER RAKENDE EEN-OP-EENS MET RELEVANTE DIREKTEURE**
**9/1/2**

Die Voorsitter lei die item in en gee geleentheid aan die Portefeulje Voorsitters om terugvoering te gee aan die Komitee.

Tegniese Dienste

- Dat potgate 'n voorgesette, beduidende uitdaging bly.

Gemeenskapsdienste

- Dat die swembad steeds 'n beduidende uitdaging is, en dat die Direktoraat tans in afwagting is op finale terugvoering, wat na verwagting teen die einde van die week ontvang sal word; en
- Dat kennisgewings rakende oorgroeide erwe reeds uitgestuur is.

Korporatiewe Dienste

- Dat die Direktoraat se Strategiese Sessie op Donderdag 18 en Vrydag 19 September 2025 plaasvind.

Finansiële Dienste

- Dat min navrae ontvang is vanuit die gemeenskap tydens die Wyk 1 vergadering gehou op Maandag 15 September 2025 met spesifieke verwysing na die koopkrag uitdagings.

Uitvoerende Burgemeester

Die Munisipale Bestuurder gee die volgende terugvoering:

- Dat die veiligheid van die Uitvoerende Burgemeester 'n prioriteit is; en
- Dat daar tans drie hofsake aanhangig is.

Die Uitvoerende Burgemeester rig die volgende versoeke aan die onderskeie Portefeulje Voorsitters:

Tegniese Dienste

***RAADSHEER DE VRIES EN DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

- Dat ASLA versoek word om dringende aandag te skenk aan rioolverstoppings, lekkende krane en potgate by die nuwe huise in Piketberg; en
- Dat daar gekyk word na die verskil in standaard in die verskeie dorpe ten opsigte van die regmaak van potgate.

<u>Gemeenskapsdienste</u>

***RAADSHEER WESSELS EN DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

Dat aandag geskenk word aan die volgende kwessies:

- Alternatiewe vir watervermaak tydens die Somer-vakansietyd indien die swembad nie gereed is nie;
- Veiligheid van Watsonia Sportgronde se paviljoen;
- Dat ’n gesprek gefasiliteer word met Gemeenskapsdienste en Tegniese Dienste ten opsigte van die sigwater uitdagings in die Trajektekamp;
- Toekenning van leë huise in die Tajektekamp ten einde verdere vandalisering en onwettige besetting te voorkom;
- Algemene instandhouding van sportvelde;
- Oorgroeide erwe;
- Dat ’n gesprek gefasiliteer word met belanghebbendes uit die gemeenskappe, byvoorbeeld plaaslike tuinbouklubs, rakende die opknapping van openbare ruimtes; en
- Veiligheid van Raadslede, na aanleiding van onlangse gesprekke met die Provinsiale Komisaris, Intelligensie en Politieke Taakspan.

<u>Finansiële Dienste</u>

***RAADSHEER DANIELS EN DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

- Dat die Direkteur Finansiële Dienste ’n gedetaileerde uiteensetting gee van die “Repairs and Maintenance” komponent van die begroting, met spesifieke verwysing na waar die werk uitgevoer is, uitgesluit die arbeid/salaris komponent;
- Klagtes uit die gemeenskap oor Velddrif personeel, met spesifieke verwysing na deernis aansoeke wat maande lank sloer; en
- Dat die breër konteks rakende afskrywings weer deur die Staande Komitee aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word, ten einde duidelikheid te verkry oor die toekomstige rigting.

<u>Korporatiewe Dienste</u>

***RAADSLID MOOLMAN, DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE EN BESTUURDER: MENSLIKE HULPBRONDIENSTE***

- Dat alle nuwe befondse poste wat nog uitstaande is aan die Uitvoerende Burgemeester gestuur word; en
- Dat Posevaluerings aan die Uitvoerende Burgemeester en Portefeulje Voorsitters voorsien word.

<u>Munisipale Bestuurder</u>

***MUNISIPALE BESTUURDER***

- Dat die Jeugsentrum nog te veel onafgehandelde werk het; en
- Dat items ten opsigte van ekonomiese ontwikkeling vanuit die Ekonomiese Ontwikkelingskomitee, na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee verwys word.

***

**BKN014/09/2025**
**VERTEENWOORDIGERS OP BUITELIGGAME EN ANDER RAADSAANGELEENTHEDE**
**3/2/2**

***(Verslag word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Voorsitter lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

Dat die lys van Verteenwoordigers op Buiteliggame en ander Raadsaangeleenthede aan die Speaker, Uitvoerende Burgemeesterskomitee en Direksie gestuur word vir insette voor of op Vrydag 19 September 2025.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN015/09/2025**
**VERHURING VAN ERF 3292, PIKETBERG**
**PB. 3292**

Raadslid Moolman lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**AANBEVELING: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

Dat die gedeelte ±1842m² groot van Erf 3292, Piketberg ingesluit strukture daarop benodig word vir minimum vlak Munispale dienslewering en kan as gevolg nie verhuur word nie.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**BKN016/09/2025**
**SLUITING/VERVREEMDING VAN VOETPAD: ERWE 2965, 2966 & 2967 PORTERVILLE (VOETGANG DEURGANG TUSSEN PROTEASTRAAT EN DJ PEARCELAAN)**
**PTV. 2965, 2966 & 2967**

Die Voorsitter lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede, met verwysing na ‘n onlangse skrywe vanuit Porterville gemeenskap waarin versoek word dat die voetganger deurgang by DJ Pearcelaan oopgemaak moet word. Die Direkteur Korporatiewe Dienste word versoek om vas te stel of sodanige korrespondensie wel ontvang is.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

**AANBEVELINGS: VIR GOEDKEURING DEUR DIE RAAD**

1. Dat ‘n gedeelte van die voetpad (Erf 2965, Porterville ±35m² groot) vervreem word teen Munisipale Waardasie van R1000.00 (BTW ingesluit) aan die grondeienaar van Erf 2209 Porterville;
2. Dat alle kostes verbonde aan die opmeting/registrasie van die konsolidasie by die Landmeter Generaal en Aktekantoor op eie onkoste deur die eienaar van Erf 2209, Porterville gedoen word;
3. Dat die res van die voetganger deurgang permanent toegespan bly omdat dit veiligheid en wetstoepassing probleme inhou wat ‘n direkte negatiewe impak het op die veiligheid en sosiale welstand van lede van die gemeenskap;
4. Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig is om oordrag dokumente in bogenoemde verband te onderteken en finaliseer; en

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

5. Dat afdeling Tegniese Dienste verantwoordelik sal wees vir die verwydering van die gedeelte "clear vu" grensdraad aangrensend tot Erf 2209, Porterville.

***

**BKN017/09/2025**
**APPLICATION TO TRANSFER PUBLIC ROADS AND PUBLIC OPEN SPACES IN THE VELDPARK DEVELOPMENT (DEVELOPED ON ERF 789, LAAIPLEK) FROM BERGRIVIER MUNICIPALITY TO THE HOME OWNERS' ASSOCIATION OF VELDPARK**
**7/1/3/2; L. 789**

Raadslid Moolman lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**BESLUIT**

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

1. Dat die item terugverwys word ten einde die regsopinie soos aangevra deur Tegniese Dienste, in die aanbevelings te inkorporeer;
2. Dat daar in die verslag aangedui word die spesifieke persone binne die onderskeie departemente wat insette gelewer het; en
3. Dat die item verwys word na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee soos geskeduleer vir Dinsdag 28 Oktober 2025 vir finale besluitneming.

***

**BKN018/09/2025**
**PROPOSED ESTABLISHMENT OF INFORMAL TRADING SITES IN NOORDHOEK, LAAIPLEK**
**L. 808 624**

Raadslid Moolman lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

***MANAGER: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

1. That the proposed use of RE/808, Laaiplek for informal trading be referred back to Corporate Services, and that the feasibility of establishing a taxi rank on this site be investigated;
2. That Council approves, in principle, the use of the western portion of Erf 624, Laaiplek, situated along Watsonia Street, for informal trading;
3. That Council authorises the Department of Town Planning and Environmental Management to initiate the required land use planning processes for Erf 624, Laaiplek;
4. That Council approves the relocation of the playground facilities from the western to the eastern side of Erf 624, Laaiplek, to allow for the establishment of informal trading sites along Watsonia Street; and
5. That the Directorate: Community Facilities be mandated with the relocation of the playground facilities and fencing.

***

**BKN019/09/2025**
**<u>OFFERS TO PURCHASE RECEIVED IN RESPECT OF ERF 4073 LAAIPLEK</u>**
**L.4073**

Raadslid Moolman lei die item in.

**<u>RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL</u>**

1. That Council confirms that Erf 4073, Laaiplek is not required for the provision of minimum levels of basic municipal services in terms of Section 14 of the MFMA;

2. That Erf 4073, Laaiplek be made available for alienation by way of public tender, subject to the following conditions:

   i That a reserve price of R6,000,000 (R6 million) be set;

   ii That the tender be advertised for a minimum of 30 days, and it be done as a two stage bidding process;

   iii That the successful bidder be responsible for all transfer and registration costs;

   iv That the successful bidder shall:

   a) Connect the property to all required municipal services (e.g. water, sewer, electricity, roads), at own cost, and to the satisfaction of the Directorate: Technical Services;

   b) Be liable for any required service network upgrades, as determined by the Directorate: Technical Services;

   c) Ensure that access to the property is obtained only from Wipstert Street;

   d) Obtain all necessary planning approvals, environmental authorisations, licenses, and permits, at their own cost and risk;

   e) Accept that no guarantees are given regarding the outcome of applications, and the Municipality shall not be held liable for any resulting losses;

   f) Familiarise themselves with all applicable restrictions and conditions, including zoning, servitudes, title deed conditions, and environmental limitations; and

   g) Accept that the property is sold voetstoots, with no warranties, express or implied, as to its condition or fitness for any intended purpose.

**MANAGER: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT**

***

***(Die Stadsbeplanner (Oos) en Stadsbeplanner (Wes) verlaat die vergadering om 12:02)***

**BKN020/09/2025**
**<u>OCCUPATIONAL HEALTH AND SAFETY POLICY</u>**
**2/B**

Die Voorsitter lei die item in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

**<u>RESOLVED</u>**

1. That the Occupational Health & Safety Policy, attached as Annexure A, be approved by the Executive Mayoral Committee;

2. That a Standard Operating Procedure (SOP) be drafted, outlining the process to be followed in the event of injuries sustained by members of the public within municipal buildings; and
3. That the SOP be referred to the Formal Directors meeting for discussion.

***MANAGER: HUMAN RESOURCE SERVICES***

***

**BKN021/09/2025**
**EMPLOYEE ASSISTANCE POLICY**
**2/B**

Die Voorsitter lei die item in.

**RESOLVED**

That the Employee Assistance Policy, attached as Annexure A, be approved by the Executive Mayoral Committee.

***MANAGER: HUMAN RESOURCE SERVICES***

***

**BKN022/09/2025**
**SUBSTANCE ABUSE POLICY**
**2/B**

Die Voorsitter lei die item in.

**RESOLVED**

That the Substance Abuse Policy, attached as Annexure A, be approved by the Executive Mayoral Committee.

***MANAGER: HUMAN RESOURCE SERVICES***

***

**BKN023/09/2025**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT JULY 2025**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for July 2025.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**BKN024/09/2025**
**SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT FOR JULY 2025**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**RECOMMENDED: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council takes note of the July 2025 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act. (Act no 32 of 2000).

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**BKN025/09/2025**
**SPORT AND RECREATION POLICY**
**2/B**

Raadsheer Wessels lei die item breedvoerig in.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Kommiteelede.

**BESLUIT**

1. Dat die beleid in beginsel goedgekeur word, vir konsultasie met die Sports en Rekreasie Assosiasie en alle Sportsrade; en
2. Dat die beleid voorgelê word by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering geskeduler vir Dinsdag 28 Oktober 2025 vir finale goedkeuring.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPSDIENSTE***

***

**BKN026/09/2025**
**REQUEST FOR PROPOSALS (RFP) FROM INDEPENDENT POWER PRODUCERS TO PROVIDE RENEWABLE ENERGY TO BERGRIVIER MUNICIPALITY - MFMA SECTION 116(3) AND SECTION 33**
**16/2/1**

Raadsheer De Vries lei die item breedvoerig in.

**RECOMMENDED: FOR APPROVAL BY COUNCIL**

1. That the proposed long-term contract of period 1 July 2025 – 30 June 2045 in principle be approved for the three towns, namely Porterville, Piketberg and Velddrif;
2. That the intention of the contract be forwarded to Provincial Treasury, National Treasury & National Department of Local Government (Section 33(1)(b)(iv)) by close of asking inputs from the Public;
3. That comments be solicited from the community in terms of the proposed long-term contract (Section 33(1)(b)(iii) by the Municipality;
4. That information and received submissions be tabled to Council if any are received; and
5. That an information statement be placed on the website with the advertisement of intention.

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

***

**BKN027/09/2025**
**MINUTES OF THE RISK MANAGEMENT COMMITTEE TO BE NOTED: WEDNESDAY 11 JUNE 2025**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**RESOLVED**

That the Minutes of the Risk Management Committee meeting held on Wednesday 11 June 2025 be noted.

***

**BKN028/09/2025**
**<u>MINUTES OF THE PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE TO BE NOTED: FRIDAY 20 JUNE 2025</u>**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**<u>RESOLVED</u>**

That the Minutes of the Performance, Risk and Audit Committee meeting held on Friday 20 June 2025 be noted.

***

**BKN029/09/2025**
**<u>NOTULES VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME</u>**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN030/09/2025**
**<u>WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES</u>**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Die amptenare verlaat die vergadering om 12:15, waarna die Uitvoerende Burgemeesterskomitee, Munisipale Bestuurder, Direkteur Tegniese Dienste en Komitee Beampte die vergadering in-komitee voortsit)***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 13:02*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

____________________________ __________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***